

## TOULEIER



## Wonderlike ervaring op 'n atol

### Hoofstuk 3 Deel 8

Ons leefwyse in die Franse konstruksiekamp in Noord-Sulawesi was 'n totale ommeswaai teenoor die tydjie wat ons Hong Kong deurgebring het. Van ons beknopte ruimtetjie op die 28ste vloer van 'n toringwoonstel met kitskos, moltreine, veerbote en malende massas mense in 'n stad van duisende liggies, na 'n doodstil plekkie hoog teen 'n berg met geen TV en 'n pynappelboom in die tuin.

Elke dag se drie hoogtepunte was die uitmuntende Franse cuisine van gevulde omelette, fisanteiers, brioche en croissants vir brekfis, knoffel-en-suurlemoenbotter forel vir middagete, gevolg deur chateau briant en fynproewer nageregte soos crème karamel of ligte poppasteitjies.

Wanneer ons desperaat geraak het vir vermaak of nuus uit die buiteland, was daar darem een enkele TV in die kamp se algemene sitkamer. Dis juis daar waar ons die aand sit en kyk het toe hulle prinses Diana se dood aankondig.

Soms het die Franse ons genooi om saam te gaan ontspan in die eiland se hoofstad, Manado. Die dorp herinner nogal aan Lesotho se Maseru met die een groot verskil dat Manado neffens die see geleë is. Enkele hoë strukture in die middestad omring met vaal vuil geboutjies langs besige strate wat wemel van driewiel bromponietaxi's. Mens wonder wie sal nou daar wil gaan ontspan totdat jy by die hotel ingeboek het. Dis nog in 'sagte' oopmaakfase en rondom ons timmer en saag dit. Gelukkig is die swembad al klaar en vir die eerste keer ondervind ons hoe werk 'n oneindigheids-poel: Wanneer mens langs die swembad sit, vorm sy rand se oorloopwater 'n soomlose eenheid met die see daar agter. Ons is ook net betyds om die son te sien wegsmelt regoor daardie eindeloosheid. 'n Yslike vuurbal van geel oranje en rooi. Prentjiemooi.

Manado is die afspringplek vir baie besoekers wat dwarsdeur die jaar invlieg om te gaan duik op die eiland Bunaken. Hierdie halfmaanvormige atol is sowat halfuur se bootrit van Manado en word gereken as een van die toptien duik- en snorkelbestemmings in die wêreld.

Sy unieke aantrekkingskrag is sy ongereptheid. Jy vind jou amper terug in die verlede wanneer jy van die boot afspring in kniediep water so 'n entjie van die strand af. Die horlosie loop duidelik stadiger daar, amper agteruit. Daar is mense van alle nasionaliteite. Die kleredrag en haarstyle lyk of dit eerder hoort by 'n destydse hippiekolonie. Weens die tropiese klimaat, oornag party besoekers sommer daar op die strand langs hul duiktoerusting.

Ek en kamermaatjie het vir ons elkeen paddavoete en 'n duikbril in Manado aangeskaf. Dis nie verniet dat Bunaken onder die toptien tel nie. Ons vorige beste snorkel ervaring was op die Seychelle. Dié een is egter in 'n klas van sy eie. Die sigafstand onder die water is fenomenaal. Die watertemperatuur is so lekker dat mens vergeet van tyd. Uiteindelik laat jou verrimpelde vel jou besef dis tyd om op te hou. Skielik is ons dors en honger. Die bootjie neem ons toe weer strand toe. Daar is 'n hele paar kroegrestourante op die strand sommer so in die sand naby die water. Onder hul palmtakafdakke kan mens gaan lafenis soek na die dag se lang swemmery. Visgeregte is spotgoedkoop, maar die bier vrekduur. Bintang, die lokale bier, is effe goedkoper. Bintang beteken ster in Bahasa. Die etiket dra dieselfde rooi sterretjie as Heineken: Nog 'n nalatingskap van die destydse Hollandse kruiehandelaars.

Ná 'n lekker langpootkrapkerrie en vele Bintangs het ons met verrykte siele, laat die middag eers afskeid geneem van hierdie besondere eilandjie met sy luilekker atmosfeer, sy kleurvolle mense, korale en ryk vislewe.

**Hennie Greeff**

**UITGEWER**

**Onrusrivier**

**pos@onsdorp.com**

# Om die kampvuur

## Boeta, was hulle VERKEERD! (8)



**"Sal so 'n wapen nie oorlog meer verskriklik maak nie?"**

- Havelock Ellis, Britse wetenskaplike.

**"Nee, dit sal oorlog onmoontlik maak."**

- Hiram Maxim, uitvinder van die masjiengeweer in 1893.



**Oom Jan Droëpan sê:**

"'n Vriend is iemand wat dieselfde mense as jy vermy."

"Waar jy ook al mense ontmoet, bly jou naam agter."

## Ou rympie

Anna Panna  
koek en tert  
vat die besem, vee die hert  
Vat die skop en tel dit op  
Gooi dit in die vark se hok.

## Wanneer skryf ons los, en wanneer vas?

Een van Afrikaans se taalreëls wat mense die deurmekaarste maak, is wanneer dit kom by woorde wat vas geskryf word, oftewel samestellings. Dit is ook 'n reël wat nie altyd eenvoudig is nie, maar daar is metodes wat gebruik kan word om vas te stel wanneer 'n woord vas geskryf word.

**Die goue reël is: een konsep, een woord.**

Dus sal ons nie skryf roos boom nie, maar roosboom. Ander voorbeelde van samestellings is:

- \*fotografiekursushandleiding
- \*vrugtekonfytreseptboek
- \*vakbondvertegenwoordigersvergadering

In al dié gevalle is naamwoorde, wat elk sy eie betekenis het, saamgevoeg om 'n splinternuwe konsep voor te stel. Een konsep. Dus, een woord.

Soms kan koppeltekens gebruik word om een konsep te vorm, soos oud-TV-aanbieder.

**Wanneer jy twyfel, lees wat jy geskryf het en kyk of dit die betekenis oordra wat jy bedoel.**

Byvoorbeeld: goue medaljewenner. Is die medalje goud of is dit die wenner wat goud is? Soos hy daar staan, word die wenner as goud beskryf, nie die medalje nie. Dus: gouemedaljewenner. Een konsep, een woord.

Wanneer ons egter byvoeglike naamwoorde gebruik, dus woorde wat naamwoorde beskryf, word dié woorde los van mekaar geskryf, byvoorbeeld:

- \*rustige naweek
- \*sosiale geleentheid
- \*stukkende TV

Een van die algemeenste fout is opsoek (ek gaan hom opsoek) en ek is op soek na raad.

♦♦Vir 'n meer volledige uiteensetting met betrekking tot samestellings, besoek [beterafrikaans.co.za](http://beterafrikaans.co.za).

**Die tragedie van die lewe is dat ons te vroeg  
oud word en te laat wys word.**

~ Benjamin Franklin

# Duskantlander in Anderkantland



## Kerktannies se gefluister

**Daniël Bezuidenhout, 'n vrou van Namibië, skryf uit Ghana.**

**D**estyds is ons sommer baie tyd gegun om smoorverlief te wees. Ons het ons knieë nerwe deurval vir die kriketspelers met 'n kultjie en so, wip in sy kuif. Te ougat as hy jou eendag met so rasperstem vra om te gaan fliek.

Daai tyd se manne het gewéét hoe om vlerk te sleep. Sien, TV en rugby en kriket en Playstations het nie bestaan nie en hulle hormone het die res gedoen. Nou, in onse tyd was daar nog inry-flieks. Die manne het nie veel gebodder met melkskommels in daglig as hulle jou vir vier ure in die sterrenag kon *date* nie. Hulle het staaldraad durf gehad om my ma en pa toestemming te vra om my te vat op 'n inry-*date*. Pa wou net sy lisensie sien en my Ma het sy skoene uitgekyk en hom met die dood gedreig as ek ná twaalfuur oor die drumpel sou stap. Vandag nog verstaan ek nie watse boosaardighede beval meisiekinders ná Aspoerstertjietyd nie?

As jy vakansies by jou ouma gekuier het, was jou ore rooiwarm gewaarsku teen manne se slimmigheid. Ouma het bly sê vry is betaamlik en lekker solank al jou onnerkleertjies aanbly. "Wees net fatsoenlik," hoor ek haar nog sê.

My Pa het nie ydelike beloftes gemaak nie. As ek skande oor sy huis sou bring, was die anner skuldige skepsel se dae getel.

Daars hierdie ding onder Afrikaanse tannies wat hulle na hul asems laat snak. Hulle loer skielik tussen skrefiesogies vir jou, praat met sulke gedempte stemme.

Die ding is elke jong meisietjie met rooi hakskeentjies vind een of ander tyd uit hoe om daai jeuk gekrap te kry. As die kerktannies eers praat oor iemand se dogter, dan reken hulle sy't skielik 'ontwikkel'. Verlieftes weet mos nie hoe om 'n gevryery weg te steek nie. Geskiedenis herhaal homself soos horlosietyd. Mens sou nou dink ons leer van ander wat oor die tou getrap het, maar nee, hormone klits ons breine soos jellie op.

Een skoolmaat van my pa was 'n belangrike man in ons gemeenskap - apteker. Hulle het in n paleishuis gewoon en die nuutste, blinkste mouters gery. Ons skool het immers op die skuldbult gestaan en daar was lang waglyste vir leerlinge wat daar wou kom skool. Marié se pa se belangstelling in haar het beginne kwyn toe sy reeds in standers ses wiskunde druipe.

Marié was mooier as 'n mens, maar geen tert nie. Donker lang hare en violdiep bruin oë, met 'n klokkielag en fyn enkeltjies soos 'n wildsbokkie. Haar pa het meer en meer sakgeld gegee soos Marié halsstarrig geword het. Sy was baie gewild by partytjies en almal het om haar gedraai soos bye om 'n blom.

Pragtige Marié se persoonlikheid het oornag verander ná standerd nege se Paasvakansie.

Met rooigehulde oë is die kat later uit die sak: mooie Marié was skielik diep swanger. Ek het haar gekyk en gekyk, maar sy het bokkie-fyntjies soos altyd gelyk, niks 'ontwikkel' soos die kerktannies gesê het nie.

Die kerktannies se gedempte gefluister oor huise vir ongehude moeders het die rondtes gedoen.

Op haar apteek-pa se orders; woerts warts, vlie Marié en haar ma na Parys, soos in Frankryk, doer anderkant se land. Marié is een week later terug, kindloos en met 'n see se trane.

Iets by die Marie Stopes-kliniek het haar genees, maar ek het niks gekop nie, gedink dis Marié se tannie in Parys. My kop was daai tyd vol muisneste en niks anders nie. Pragtige Marié was stiller en woester as ooit. Haar pa het gesê sy hoef nie eens wiskunde in matriek te skryf nie, Marié het summier wiskunde gelos en tik gevat.

Ek klik Mooiste Marié kliek gister op bakkiesboek raak. Sy staan alleen in die middel van die vertrek vol familiemense, armpies styf teen die sye, popmooi porseleingsiggie en lang swart boshare. Op die volgende foto sien ek haar klokkielag, kop agteroor gegooi, sy's wydsbeen oor 'n supergroot mouterbaaik. Pragtige Marié met wind in die hare, nie een dag ouer as op skool nie; fyn soos 'n bokkie.

Wilder as woës . . . stiller as ooit!

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## DIE LEKKERTE VAN OUER WORD!

♦Die lewensredder skreeu nou die dag op my toe ek in die swembad piepie. Ek skrik toe so groot dat ek amper inval!

♦My nuutste truuk in die kroeg noudat ek afgetree het, is om meisies te vertel ek die dag kan bepaal wanneer hulle gebore is net deur aan hulle borste te voel.

Die een meisie daag my toe uit en na so dertig sekondes se vroetel raak sy ongeduldig. "Toe nou, op watter dag is ek gebore?" "Gister," antwoord ek.

Ek loop nou nog met 'n dik lip rond.

## TOE BELEDIGINGS NOG KLAS GEHAD HET

'n Paar beledigings uit die dae voor drie- en vierletterwoorde.

♦'n Lid van die parlement aan Benjamin Disraeli: "Meneer, jy sal òf aan die galg òf van 'n onge-neeslike siekte sterf."

Disraeli: "Dit sal afhang of ek jou beleid of jou vrou omhels."

♦"Hy beskik oor al die deugde wat ek verafsku en geen van die ondeugde wat ek bewonder nie." - Winston Churchill

♦"Ek het nooit iemand vermoor nie, maar ek het baie van die huldeblyke met plesier gelees." - Clarence Darrow

## PA SE RAAD VIR BESIGHEID

Die man het gehoop dat sy seun eendag die familiesaak sal oorneem, en vertel hom wat van hom te wagte is.

"Seun," sê hy, "daar is twee belangrike dinge in 'n suksesvolle besigheid. "Dit is eerlikheid en versierendheid."

"Watter soort eerlikheid?" vra die seun.

"Maak nie saak wat gebeur nie - as jy 'n belofte gemaak het, hou jy daarby."

"En versierendheid?"

"Moet nooit beloftes maak nie."

## BUFFERPLAKKER

**Ek is 'n veearts.  
Ek ry soos 'n dier.**

**En skielik ontdek ek  
hoeveel ginekoloë  
daar op die pad is.**

## ROTTE VERVANG

Suid-Afrikaanse wetenskaplikes het 'n bestelling vir 50 staaalhokke vir laboratoriums geplaas.

Proefnemings wat voorheen op rotte gedoen is, gaan nou met politici gedoen word.

Die wetenskaplikes sê hulle raak te geheg aan die rotte.

**"Moenie vra wat jy vir  
jou land kan doen nie;  
vra wat is vir aandete."  
-- Sophia Loren.**

## DIE TOWENAAR VAN ID deur Parker



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak



### Sulke verflakste sleutels!

Hulle was nie in my sakke nie en ek het skielik besef ek moes hulle in die motor gelaat het.

My man het my al dikwels uitgeskel omdat ek die sleutels in die kar se aansluiting los. Hy is bang die kar word gesteel.

Ek het benoud rondgekyk, maar die kar was nêrens te sien nie. Ek het dadelik die polisie gebel, hulle gesê waar ek is, die kar beskryf en gesê hy is gesteel.

Toe maak ek die heel moeilikste oproep aan my man:

"Ek het die sleutels in die kar vergeet en hy is gesteel."

Daar was 'n oomblik se stilte. Ek het gedink ek het die oproep verloor, maar toe hoor ek sy stem:

"Probeer jy die gek skeer? Ek het jou by die sentrum afgelaai!"

Nou was dit my beurt om stil te wees, maar toe sê ek bra bedremmeld:

"Wel, kom haal my dan."

Ek kon hoor hy is nog vies, want hy sê toe:

"Ek sal, sodra ek die polisie kan oortuig dat ek nie jou blerrie kar gesteel het nie!"

**Welkom aan die Goue Jare.**

### BAKLEI

Ek was besig om kanale op die TV te verwissel, toe my vrou langs my kom sit.

"Wat's op die TV?" vra sy.

"Stof," sê ek.

En toe begin die bakleiery . .



### Hy het al die jare verniet gekou!

Die lugmagvlieënier het op 'n kommersiële vlug langs 'n moeder met 'n suigeling beland.

Toe die knapie met die daling vir die landing begin skree, het die moeder begin om hom so onopsigtelik moontlik te borsvoed.

Die vlieënier het gemaak of hy niks sien nie. Nadat hulle geland het, was hy behulpsaam om haar met al die baba items te help.

Die jong moeder was baie dankbaar en die vlieënier sê:

"Dis 'n baie mooi baba en hy was baie honger."

Sy was bietjie verleë en verduidelik toe haar pediater het gesê 'n baba aan die bors sal help om die lugdruk op sy ore te verlig.

Die vlieënier het sy kop geskud en meewarig gesê:

"En om te dink ek het al hierdie jare kougom gekou."

### Die stofsuiers wat nie wou werk nie

'n Afgetreke ingenieur sit heeldag in die huis rond.

Op 'n dag vra sy vrou hom om iets nuttigs te doen, soos om die huis een keer per week te stofsuiig.

'n Halfuur later kom hy kombuis toe vir koffie.

"Ek het nie die stofsuiers gehoor nie?" sê sy vrou.

"Die blerrie ding is stukkend. Hy wil nie aanskop nie. Ons sal maar 'n nuwe een moet koop."

"Dis vreemd. Hy het verlede week nog perfek gewerk. Wys my wat jy gedoen het."

En toe wys hy vir haar.

**As julle ook wil sien wat geskort het, moet julle net op hierdie skakel klik:**

<https://www.youtube.com/watch?v=mMZVvuhkmqw>





## MAKERIEPAS!

Stories uit die grensoorlog

### 'Slang' slaan toe in die plonsput

Deur Pierre Grobler

ONS was een jaar 'n klomp kampeerders in Messina (nou Musina) waar ons so een middag lekker gelê en pere bak het.

Skielik hoor ons een moerse lawaai daar van die plonsput se kant af. Toe ons om die hoek loer, sien ons 'n outjie wat lyk of hy sakresies hardloop: Broek onder die knieë, en die man lat loop daar na die medics se kant toe. Ons kry toe die indruk dat 'n slang hom op die knolle gepik het, want hulle hang mos redelik laag so in die sittende posisie.

Die nuuskierigheid het ons so 'n bietjie oorval en ons gaan stel toe ondersoek in. Met oorgehaalde roers benader ons toe die preekstoel, net om te vind daar is geen slang nie. Ons loop toe om die gedoente en hier kry ons een van die manne met 'n skokstok vir 'n skaap: Elke keer as 'n man gaan sit, werk hy hom hier van agter af.

Ons het lekker gelag en gaan toe terug na ons normale rusposisie. Ons het net begin ontspan, toe sien ons hier kom die sammajoor met 'n baie benoude uitdrukking op sy gesig verby.

Die ou loop die *longdrop* storm, en ek sê vir die kêrels hier kom 'n ding. Die sammajoor het net begin om te laat waai, toe bewerk die geheime agent hom met die skokstok.

Die volgende oomblik staan die ou met ketel en al buite die pardoems en gil dat die aarde dreun. Ons het so gelag dat ek my amper self ook bevuil het. Ons het toe maar spore gemaak, want ons was maar bang die ou het gesien hoe ons gelag het en kry ons in die hande.

Nou wil ek net 'n beroep op daai dapper soldaat doen wat die skokstok beman het: As jy dalk eendag die staaltjie oor jouself lees, wil ons net graag weet wat agterna gebeur het, want ons het jou nie weer met 'n oog gesien nie.

## Ons soek nog Kosblikkie-hulp!

Danksy die getroue bydraes van lesers en die nuwes wat intussen bygekom het, het die Kosblikkie fonds intussen aangegroei tot R26,851.96. Ons gee elke maand R1 000 aan Hennenman se Helpende had wat namens ons ses babas help met noodsaaklike goedjies.

Ek wil spesiale melding maak van die onlangse skenking van R3,882.57 deur 'n gesin uit Australië. Mense, elke R10 tel! Baie dankie.

Nadat 'n ander leser my bewus gemaak het van 'n gesin buite Naboomspruit vir wie hulle tot onlangs gehelp het voor hy verhuis het na Mosselbaai, het ek die kwessie ondersoek en net weereens besef hoe regtig swaar party van ons mense kry.

Die Pa is in sy vyftigs en reeds sedert sy dertiger jare blind. Die gesin het geen vervoer nie en ry soms minibustaxi dorp toe as dit moet. Sy dogter pas die kinders op en sorg ook vir hulle opvoeding. Sy moeder van 78 jaar woon ook by hulle.

Die drie kleintjies is onderskeidelik twee, sewe en nege jaar oud. Die gesin van agt woon op 'n neef se grond en is totaal van die pa se ongeskiktheidspensioen en die skoonseun se karige inkomste afhanklik.

Hulle het nie om hulp gevra nie, maar ons gaan dit gee.

Pa het my laat weet dat wintersklere vir die kinders nou belangriker is as kos.

Volgens die lysie wat ek gevra het, gaan ons die drietjies van onderbroekies, sokkies, frokkies, sweetpakkies, en 'n baadjie voorsien. Elkeen kry ook 'n handdoek en 'n paar pantoffels. Ek wil ook voorstel dat ons die drie kleintjies 'n slag moet *eat* met 'n lekker hamburger en 'n draairoomys.

Vra is vry, so kontak my by [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com) Die Kosblikkiefondstrekening se besonderhede is in die e-pos waarmee Kammanuus afgelewer word – net in geval jy ietsie wil bydra. Hennie.

HJ Greeff

FNB HERMANUS

SMART ACCOUNT : 60379199926

Takkode: 200 412 PAYPAL: [hennie.greeff@gmail.com](mailto:hennie.greeff@gmail.com)



# Stamboom

ONSDORP se  
afdeling vir familiesoekers

## Bester

[engelabernardo@gmail.com](mailto:engelabernardo@gmail.com)

Addisioneel: Sirliena Frederika Bester

Geboorte: Colesberg 17 Nov.1910 of 1911

Oorlede: Kimberley 30 Okt. 1945

## De Klerk

[toondeklerk@gmail.com](mailto:toondeklerk@gmail.com)

gebore 23 Julie 1941

Gaan loer gerus ons webwerf of jou jy dalk kan help met inligting oor jou eie van: [www.onsdorp.com/stamboom](http://www.onsdorp.com/stamboom) Die wagwoord is: **boomstam**. Gebruik hom in beide ingangblokkies wat jy moet invul.

**Ek en my man het 'n werkswinkel. Hy werk en ek boer in die winkels.**



## TJORTS!

"Vir beter spysvertering drink ek bier.

"As ek my eetlus verloor, drink ek witwyn.

"In die geval lae bloeddruk, drink ek rooiwyn.

"In die geval van hoë bloeddruk, drink ek whiskey.

"Vir verkoues drink ek Schnapps."

"Wanneer drink jy water?"

"Nee, ek was nog nooit so siek nie."

## Beste vliegtuig

Die DC-3, algemeen bekend as die Dakota, word as die beste passasiersvliegtuig nog beskou.

Dit was die werk van die Amerikaanse Douglas Aircraft Company, en hy is aangedryf deur twee skroewe wat elk 1 200 perdekras lewer. Die Dakota se togsnelheid was 300 km/h en hy kon 28 passasiers vervoer.

Die Dakota se eerste kommersiële vlug was in 1936 en daar is altesaam 10 655 gebou. Geen ander vliegtuig was so suksesvol nie.

## Hoe die donkie werk gekry het



Lank, lank gelede was daar 'n koning wat wou gaan hengel. Hy roep toe die koninklike weervoorspeller en vra hom uit oor die volgende paar uur se weer.

Die weerman het hom verseker dat dit 'n paar dae lank nie gaan reën nie. Die koning en die koningin het toe gaan hengel.

Op pad ontmoet hulle 'n boer met 'n donkie en die man waarsku: "U Majesteit, u moet liever omdraai want ek verwag binnekort 'n yslike storm en 'n klomp reën."

Die koning het hom toe beleëfd vertel dat hy die paleis se weervoorspeller hoog aanslaan. Hy is baie goed opgelei en 'n kenner met baie ervaring.

"En afgesien daarvan betaal ek hom baie goed. Hy het my verseker daar is nie reën op pad nie en ek gaan my uitstappie voortsit."

'n Rukkie later het die reën emmersvol begin uitsak. Die koninklikes was sopnat en hul personeel het in hul mou gelag oor die spektakel.

Die koning het teruggegaan paleis toe en beveel dat die weerman in die pad gestee word.

Hy het toe die boer ontbied en hom 'n groot salaris as weervoorspeller aangebied.

"U Majesteit," het die boer gesê, "ek weet niks van weervoorspelling nie. Ek kry my inligting van my donkie: as hy sy ore laat sak, beteken dit dit gaan reën."

Die koning het toe die boer se donkie gehuur. En so het die gebruik begin om dom esels te huur om vir die regering te werk en die hoogste en gesaghebbendste poste te beklee. Dis 'n gebruik wat tot vandag toe nog geld.

# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



“

Sý het gemeen haar hande het nou darem te oud geraak – maar hý het gemeen hulle hou nog vele belofte in ...

Deur RINA GREEFF

**M**y hande lyk vanoggend vir my nes oumenshande," sê ek, en hou dié twee beskuldigdes voor my op in die lug.

"Mmff," kom dit van sy lippe se kant af, maar hy maak nie sy oë oop nie. Ek kyk weer krities na my óú hande met die tien óú vingers voor my en sug effens; tik dan met een van dié "oumens"-vingers aan hom en sê: "Wat dink jy . . .?"

Ons sit soos dassies in die wintersonnetjie en bak, rustig en luilekker op die Sondagoggend met die dele van die koerant wat klaar gelees is, oral op die stoep rondgestrooi.

"Sit soos oumense hier," dink ek, "net die kniekomersies kort nog!"

Die jeukerigheid is in my en moet gekrap word – dit is nou nadat ek vanoggend in die kerk die vrou langs my in die kerkbank se hande raakgesien het: twee sulke elegante hande, met 'n gladde, onbevleete, plooilose, kraaklose vel om, en ook lang, lang geverfde naels. "Miskien nie te prakties vir skottelgoedwas of tuinwerk nie . . .," het ek 'n bietjie afgunstig gedink, "maar ai, so mooi om na te kyk!"

Hy sit-lê langbeen agteroor en ek stamp met die elmboog aan hom.

"Wat is dit tog nou weer?" sê hy ergerlik. "Kan 'n mens nie net in vrede sit en niksdoen nie? Dit is darem ook die rusdag vandag!"

Hy het sowaar nie 'n woord gehoor wat ek gesê het nie . . . of het hy? Kyk, 'n man leer mos ook darem deur die jare wanneer om te praat en wanneer dit beter is om net meesterlik "um" of "mmm" te sê, veral as sy vrou vra oor plooië of oor vet en maer.

Ek blaas net 'n s-s-s-klank en hy loer met een oog na my, bakhand agter die oor: "Hoe sê . . .?"

"Jy hét gehoor wat ek gesê het!" sê ek en hou my hande op tot voor sy gesig. "Wat dink jy?"

Hy's vas! Dit is te lekker hier in die son om te "mmm" en weg te loop – én ek sit in my stoel daar reg voor hom en wag vir die woord om gesprek te word.

Die stryd in hom is duidelik waarneembaar: stem hy saam met my, dan raak ek dalk rêrig oumens met my oumenshande, én kwaad, maar sê hy dit is nie so nie, weet ek dalk net hy lieg verskriklik en wonder dan miskien wanneer hy ook oor die vet en ander dinge gelieg het.

Maar die meester aan die woord wéét van, en ken van systap: "Daai handjies lyk asof hulle nog baie kielie in hulle oor het . . . wil jy nie so 'n bietjie . . . ?"

Ek snuif in die lug: "Ruik asof daar iets in die kombuis brand! Hierdie handjies moet nou eers die skaapboud uit die oond gaan red!"

In die kombuis staan ek 'n oomblik doodstil; ek is seker ek hoor 'n geneurie van die stoep se kant af wat in my ore al te veel klink na 'n ge-"mmmm", afgewissel met 'n vrolike ge-"um-um-um"!

Daar is weer 'n KAMMANUUS op 16 MEI 2016

As jy 'n INTEKENAAR is – alle pensioentrekkers is - kan jy hier klik vir KAMMANUUS EKSTRA:  
[www.onsdorp.com/ekstra.html](http://www.onsdorp.com/ekstra.html)